**Wes-Kaap Onderwysdepartement**
**Western Cape Education Department**
**iSebe leMfundo leNtshona Koloni**

Navrae / Enquiries / iMibuzo: C.B. PRINS
Verwysing / Reference / Uhheldso: 13/2/8/18/2
Telefoon / Telephone / iMfonomfono: 460-6911

Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye: Onderwyshoof
Privaatsak / Private Bag: 9114
Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko: KAAPSTAD
Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi: 8000
Faks / Fax: 419-5967
Datum/Date / Umhla: 12 Oktober 1998

AAN:

HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS EN HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS WAARAAN KOSHUISE VERBONDE IS (UITGESLUIT ONDERWYSKOLLEGES)

OMSENDBRIEF 0120 /98

**DIE IMPLEMENTERING VAN 'N EKONOMIESE BESTUURSTELSEL IN KOSHUISE EN DIE UITFASERING VAN GEKONTRAKTEERDE SPYSENIERSDIENSTE**

1. 'n Komitee, aangestel deur die Wes-Kaapse Kabinet, het ondersoek ingestel na, onder andere, die finansiële bestuur van koshuise verbonde aan onderwysinrigtings van die Wes-Kaap Onderwysdepartement. Sekere aanbevelings is na oorleg met die Wes-Kaap Onderwysdepartement deur die Kabinet aanvaar. Amptenare van hierdie Departement het die Besture van koshuise wat hierdeur geraak word, volledig hieroor ingelig.

2. In kort kom dit daarop neer dat die huidige kontrakte vir spyseniersdienste by koshuise uitfaseer sal word en dat beheerliggame van die betrokke inrigtings volle verantwoordelikheid vir die voorsiening en voorbereiding van voedsel asook vir die bestuur van die koshuis in sy geheel aanvaar. Die uiteindelike doelwit is dat alle koshuise selfonderhoudend en bestuurselfstandig moet wees.

3. Daar is met ingang van 1 Julie 1998 met die infasering van die nuwe stelsel begin ten opsigte van daardie koshuise waarvan die spysenieringskontrakte op 30 Junie 1998 verval het.

4. Inrigtings waarvan die spysenierskontrakte na Desember 1998 verval, sal op die vervaldatum na die Ekonomiese Bestuurstelsel oorskakel, wat sal beteken dat die spyseniersdienste dan deur die koshuis self bedryf en befonds moet word. Dit sluit verder in dat koshuise alle uitgawes sal dra, uitgesonderd uitgawes aan personeel.

5. Na aanleiding van besluite geneem deur die Kabinet en die WKOD, word beheerliggame versoek om

5.1 stelselmatig 'n proses in te faseer waarvolgens leerders hul eie linne- en beddegoed verskaf, maar met inagneming van die ouers/voogde se finansiële vermoëns.

5.2 onbenutte koshuisakkommodasie te verhuur. Inkomste hieruit verkry, sal vir die koshuis se rekening wees.

5.3 maatreëls in te stel om brekasies as gevolg van vandalisme te verhaal.

5.4 skoonmaakpersoneel geensins aan te wend vir die skoonmaak van amptelike kwartiere en was van klerasie/linnegoed van inwonende personeel nie.

5.5 wasserydienste uit te kontrakteer. Hiermee word bedoel dat die WKOD geen apparaat vir wasdoeleindes sal voorsien nie, maar dat die koshuis self kan besluit of die bestaande apparaat nog gebruik moet word. Die koshuisbestuur kan self besluit oor die mate van uitkontraktering na gelang van die besondere omstandighede van die koshuis.

5.6 self fondse in te samel om verbeterings/herstelwerk aan koshuise te finansier.

5.7 self verantwoordelikheid te aanvaar vir die voorsiening van voorrade.

5.8 toe te sien dat buurstate of ander provinsies se ouers die volle finansiële las dra ten opsigte van hul leerders wat alhier skoolgaan en in koshuise tuisgaan. Volledige rekords moet van sodanige leerders bygehou word.

5.9 toe te sien dat die koshuis 'n bedryfsrekening (bank- of spaarrekening) het en dat 'n volledige boekhoustelsel bygehou word.

5.10 losiesgelde te bepaal. Leerders wat nie losiesgeld kan bekostig nie, sal om 'n losiesbeurs aansoek kan doen. Die maksimum losiesbeurs sal van jaar tot jaar deur die WKOD vasgestel word. Die losiesbeurs sal bereken word aan die hand van 'n middeletoets. Die losiesbeurs wat ten opsigte van die 1999 skooljaar betaalbaar sal wees, sal binnekort aan koshuise bekend gemaak word.

6. Personeel van koshuise het aan die einde van die tweede skoolkwartaal 1998 opleiding ontvang in koshuisbestuur en die voorbereiding van voedsel. Opleiding ten opsigte van begroting en bestuur is reeds aangebied aan skoolhoofde, superintendente en aan 'n lid van die beheerliggaam van elke betrokke skool.

7. Bestaande toerusting wat op die inventaris van 'n koshuis is, word deur die koshuis behou. Die koste verbonde aan die instandhouding van toerusting of aankoop van nuwe toerusting sal deur die koshuis self gedra moet word.

8. Die Department is tans besig met die opstel van 'n handleiding in verband met die bestuur van koshuise. Dit sal binnekort beskikbaar gestel word.

9. U samewerking om die bogenoemde proses vlot te laat verloop, sal op prys gestel word.

10. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet asseblief onder die aandag van alle belanghebbendes gebring word.

HOOF: ONDERWYS